Wittenberg Skule

Posbus 501; Piet Retief; 2380
Telnr. 017 821 0665 / 071 604 2804
Selnr. 071 604 3344
Faks: 086 517 5294
E-Pos: wittenberg@skyafrica.co.za of
laerskoolwittenberg@gmail.com

15 Januarie 2020

Geagte ouers

Die nuwe jaar het afgeskop en hierdie jaar sal die swem se afrigting, organisering en bestuur behartig word deur Juffrou Taljaard en Juffrou Scheepers. Net kinders wat gemaklik twee lengtes van ons swembad kan swem sal op die stadium in ag geneem word vir afrigting, omrede die tyd baie min is vir die voorbereiding vir die Swemfees. Ouers wat belangstel in swem vir hulle kinders word versoek om een van die twee juffrouens te kontak. (Juffrou Taljaard 072 463 2094, Juffrou Scheepers 073 234 5970)

1. Swemlesse sal soos gewoonlik op Dinsdag en Donderdag plaasvind.
2. Die jongste swemmers swem eerste. Die aantal inskrywings gaan bepaal watter tyd ons met swem begin en of jou kind binne skooltyd of eers nadat die bus al gery het, sy les gaan ontvang.
3. Daar is ‘n moontlikheid dat die Sprinter die kinders na die laaste les van die dag Piet Retief of Commondale toe kan vervoer.
4. Ander opsies is om jou kind self te kom haal na sy les of om “saamryklubs” te stig.
5. Gelde beloop R400 vir die kwartaal en moet of in die skoolfondsrekening inbetaal (verwysing: kind se voorletter en van, gevolg deur SWEM) of kontant betaal word. Die helfte van die geld is betaalbaar einde Januarie en die volle bedrag moet einde Februarie betaal wees. Moenie betaal voordat jy nie verseker weet jou kind het ‘n plek vir afrigting gekry nie. Indien ons besluit dat ‘n kind nog nie goed genoeg kan swem nie sal ouers na die tweede les daaroor ingelig word.

Die indeling en verdere inligting sal aan die betrokke ouers via whatsapp gestuur word. Ons hoop om volgende Dinsdag met afrigting te kan begin.

Swemgroete

Juffrou Taljaard en Juffrou Scheepers